**Graad 12 – Verdere Informasie**

Om aan die einde van Gr12 vir 'n NSS te kwalifiseer, moet 'n leerling aan die interne en eksterne assesseringsvereistes van ten minste 7 vakke uit al die toegewysde vakke hierbo voeldoen.

**Vir toelating tot GRAADSTUDIES vereis universiteite die volgende van 'n leerling:**

1. **'n Minimum prestasievlak:**

'n Nasionale Senior Sertifikaat met ten minste 40% in die onderrigtaal, nl. Afrikaans Huistaal.
Ten minste 50% in nog 4 vakke uit die bogenoemde lys van vakkeuses.
Lewensoriëntering moet deur almal geneem word, maar word nie in berekening gebring nie.

2. **Toelatingspunttelling(APS-telling):**

Hiermee word leerlinge se prestasies omgeskakel na 'n toelatingspunt tot verskillende studierigtings(vroor bekend as M telling).

Die APS-punt behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring by die berekening van die APS-telling nie, maar om 'n Nasionale Senior Sertifikaat te nehaal, moet 'n leerling ten minste 40% in Lewensoriëntering verwerf.

**Keuringstabel vir die bepaling van die APS-telling**

| NSS-vlak | APS-telling |
|---|---|
| 90-100% | 8 |
| 80-89% | 7 |
| 70-79% | 6 |
| 60-69% | 5 |
| 50-59% | 4 |
| 40-49% | 3 |
| 30-39% | 2 |
| 0-29% | 1 |

**Vir toelating tot DIPLOMASTUDIES moet 'n leerling aan die volgende vereistes voldoen:**

**Nasionale Senior Sertifikaat met ten minste 30% in die onderrigtaal van verdere studie.**
**Ten minste 40% in nog 4 vakke**

**Vir toelating tot SERTIFIKAATSTUDIES moet ‘n leerling aan die volgende vereistes voldoen:**

**Nasionale Senior Sertifikaat met ten minste 30% in die onderrigtaal van verdere studie.**
**Ten minste 30% in nog 4 vakke**